

Woensdag 18 November

Skrifgedeelte: Daniël 12:1-13

Fokusgedeelte: Daniël 12:2-3

Getel en geweeg op God se skaal!

Dit is vir ons as mense moeiliker om regverdigheid reg te verstaan teenoor onreg en goddeloosheid. Die rede hiervoor is eenvoudig. Ons leef elke dag saam met onreg en goddeloosheid. Dit is vir ons baie keer 'n norm van die samelewing en die wêreld waarin ons leef. Dit voel baie keer of die goddelose leef, maar die regverdige probeer net oorleef. Die goddelose gaan elke dag aan asof niks hulle kan keer nie.

As Daniël hierdie visioen kry, dan tref die waarheid hom: Die goddelose sal aanhou goddeloos handel en hulle sal nie verstaan nie (vs 10). Miskien het u dit self al so beleef en gesien waar u elke dag besig is? Tog sal die verstandiges verstaan (vs 10), want daar kom 'n dag waar goddeloosheid sy einde sal vind. Hierdie dag is vir baie vreesaanjaand en 'n onderwerp wat baie wil vermy.

Vir gelowiges is dit egter bemoedigend. Gelowige en ongelowige sal in die grond van die aarde neergelê word en beide sal uit die dood opgewek word. Die verskil is dat die gelowiges opstaan om nooit weer te sterf nie. Inteendeel, hulle sal "glinster soos die glans van die uitspansel ... soos die sterre vir ewig en altoos" (vs 3).

Gelowiges word vir ewig vasgehou en bewaar. Ons is as't ware getel deur God. Ons name is opgeskryf in die boek van die lewe om nooit weer uitgevee te word nie. Geskryf in die bloed van Jesus Christus Self. Soos die boodskapper dit aan Daniël stel: die woorde van wat dit alles beteken, bly verborge (vs 9). Dit wat wel geopenbaar word, is dat ek en jy gaan skitter soos sterre teen die uitspansel, helder en deursigtig.

Sing: Psalm 102-1: 1, 6, 9

Teologiese Student JA Coetsee (Jandré)